

Moenie Vrees nie

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng/Afr. B139a

Skriflesing uit: Lukas 12:22 – 34

Kernvers: 32 – ‘Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehag daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.’

Geliefdes, ek dink ‘vrees’ is een van die grootste swakhede van die mens en een van die snelweë van die Satan om in ons harte in te kom.

Hoe wonderlik dat Jesus op so baie plekke gesê het: Moenie vrees nie, moet julle nie ongerus maak nie. Die Here het baie gekonsentreer op hierdie tema, en as Jesus waarlik vir u ‘n werklikheid is, as u hart en u lewe geborge is in Hom kan niks of niemand daaraan vat nie.

Daarom is ons grootste redding nie dit wat ons uit fisiese gevaar of finansiële bankrotskap, of siekte red nie, alhoewel dit ‘n integrale deel van die versoening aan die kruis uitmaak. Die hoofsaak is dat die Here Jesus ons siele gered het en ons uit die kloue van Satan verlos het – dat Hy Sy bloed vir ons gestort het: ‘Niemand sal julle uit My hand ruk nie’, prys die Here!

Ons is verborge met Christus in God. In ons benadering van die Evangelie is daar egter nog soveel sienswyses en idees wat so verkeerd is. Die Here Jesus lê soveel klem daarop dat die voëls van die hemel versorg word – hulle het geen bekommernis nie want Hy sorg vir hulle....

Daarom, as ek geborge is met God in Christus Jesus en dit glo, wat maak al die ander realiteite van die lewe soos gebrek en doodslag en siekte nou werklik saak? Ons moenie vrees vir hulle wat die liggaam doodmaak nie maar eerder Hom wat mag het om ons siele te red van die dood en die hel!